

MOSSIES

Die mossies van Bloemfontein ontlok nie baie belangstelling van die publiek nie. Intendeel word hulle eerder – ook deur natuurlichebbers – met 'n soort verveelde minagting bejeën. Interessant is hulle egter wel.

Drie soorte mossies word binne die stadsgrense aangetref, naamlik die Kaapse mossie *Passer melanurus*, die Engelse mossie of huismossie *Passer domesticus* wat 'n uitheemse soort is en die gryskopmossie *Passer griseus*.

Die eersgenoemde twee soorte is die volopste. Die mannetjie van die Kaapse mossie met sy aantreklike swartbruin en wit kop en helder kaneelbruin rug is baie mooier as die huismossie. Sy wyfie is minder opvallend van kleur maar tog nog helderder as die ander soort. Tipies van die Kaapse mossie is die feit dat sy vere altyd netjies skoon is, selfs in die besoedelste dele van die stad.

Die feit dat hierdie mossies opvallend mak is, lei daartoe dat hulle maklike slagoffers word van katte, kwajongens en amateur-renjaers in die stad se strate.

Die huismossies kom in kleiner getalle as die Kaapse mossies dwarsdeur die stad en woonbuurte voor. In die middestad is daar sommige strate waarin die huismossies algemener as die Kaapse mossies is.

Die huismossie is gladnie so kleurvol soos sy Kaapse neef nie en is bowendien ook vuil. Die graad van vuilheid wissel van plek tot plek en na goeie reëns en ververing is hulle skoner van voorkoms. Weens hul astrante waaksaamheid is hierdie mossies ook minder blootgestel aan stedelike gevare. In Europa waar dié mossies al vir duisende jare in stede gevestig is, is hulle opvallend minder waaksaam as in Suid-Afrikaanse stede. Die verstedeliking van die Kaapse mossie is hier te lande al veel langer aan die gang as wat die geval met die huismossie is en hul gedrag wys dit.

Daar is baie min aggressiwiteit tussen hierdie twee soorte mossies oor voedsel en oor broeiplek is daar geen kompetisie nie. Met enkele uitsonderings broei die Kaapse mossie net in bome en struie terwyl die huismossie feitlik uitsluitlik onder dakke in holtes in mure of pype ens. nesmaak. In nuwe voorstede waar daar minder broeiplekke vir die Kaapse mossie is, kry mens wel 'n groter bevolking huismossies. Die indringing van hierdie uitheemse mossies het egter nog nêrens die voortbestaan van die Kaapse mossie in gevaar gestel nie.

Kaapse mossie



Mannetjie



Wyfie

Huismossie



Mannetjie



Wyfie

Gryskopmossie



Mannetjie

S.B.

Die derde soort mossie wat verstedelik raak, naamlik die gryskopmossie, is soos die Kaapse mossie oorspronklik 'n veldbewoner maar neig om ook onder dakke ens. nes te maak en kompetisie met die huismossie is dus onvermydelik. Dit is dus so dat die uitheemse huismossie die voortbestaan van die gryskopmossie in gevaar bring. Hierdie moontlikheid moet nie onderskat word nie. Dieselfde huismossie het in Kalifornië vanweë sy aggressiewer geaardheid die inheemse "house finch" (*Carpodacus mexicanus*) uit die stadsentra verdryf en die stryd om broeiplekke in en teen geboue gewen. Gelukkig vir die "house finch" is sy keuse van broeiplekke nie so spesifiek nie en kon hy weer teruggaan daartoe om in bome en struie te broei sodat hierdie twee voëlsoorte vandag saam bestaan.



J.O.P.

Belangwekkende Skenking

'n Groot aanwys vir die Museum is 'n belangwekkende skenking en bemaking van tientalle waardevolle historiese voorwerpe deur mnr. B. van R. Saayman van Bethlehem. Benewens die braaibakke en batterspanne van stinkbont, 'n meelsak van vel, 'n medisynetrommel, lappies-komers en babaklere, bekke en kloskantpatrone, tandkrale, kousbande, knypbrille en 'n pragtige versameling glasware. Onder die items wat bemaak is, tel 'n silwerwynkrafte met glasbottels, juwelekissie, velkombers en 'n tjalie wat 217 jaar oud is.

Mnr. Saayman stel voorwaar 'n navolgenswaardige voorbeeld. Baie dankie.